Boran – die bees met die X-faktor

Die Boran is ’n vleisbeesras uit Afrika. Hy is onverwant aan enige ander ras en is oor die laaste 1 300 jaar geneties raseg geteel.

Sy uitstekende heterose maak hom uiters gesog vir enige kruisteelprogram. Die kalwers is klein met geboorte, maar lewenskragtig en toon goeie groei tot op speenouderdom.

Met ’n dik los vel en blink gladde hare is hierdie beeste ongelooflik bestand teen bosluise en dit blyk ook dat hulle natuurlike weerstand het teen interne en eksterne parasiete, soos hartwater. Die Boran is ’n vroegrypbees en is langlewend.

Die Boran-koei is ’n mediumraambees en speen gemaklik 50% van haar gewig. Sy het die vermoë om in swak toestande herbeset te raak en toon uitstekende moedereienskappe.

Klein spene maak dit maklik vir ’n pasgebore kalf om te suip. Die Boran se tropinstink maak dit moeilik vir roofdiere en veediewe om die kalf in die hande te kry.

Die Boran wei nie-selektief en kan selfs met swak weiding en blare sy kondisie behou.

’n Groot pens en aangepaste dermkanaal maak dit moontlik om groot hoeveelhede ruvoer te verwerk. Sodoende kan die bees op die veld vet gemaak word.

Die Boran se vermoë om vinnig te reageer wanneer toestande gunstig is, maak hom funksioneel en uiters geskik vir toestande in Suider-Afrika. Hy is by uitstek ’n veldbees, maar Boran-kruisings presteer goed in die voerkraal. Sy uitslagpersentasies beïndruk gereeld die slagter. LB

Fotograaf: ANDRÉ PRETORIUS